Okkultisme

Anton LaVey die leier en stigter van die Kerk van Satan asook die outeur van **"The Satanic Bible."** Let op die linkerhand - die gebaar wat 'n bokkop vorm met die wysvinger en pinkie.

Luk 10:17 .....: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam. [Jesus]

Luk 10:18 Toe sê Hy vir hulle: **Ek het die Satan soos 'n bliksem uit** die hemel [Derde Hemel] sien val.

Okkultisme

Okkultisme strek oor so 'n wye spektrum, dat dit onmoontlik is om alles in een boek te dek. Ons gaan dus selgs op 'n paar areas konsentreer en daarvolgens 'n waarskuwing aan die kinders van God rig.

Die koninkryk van Satan.

Die koninkryk van Satan is 'n werklikheid waarvan die kinders van God kennis moet neem. Satan en sy demone is, weens hul rebellie teen God, uit die hemel gewerp. Hulle is in 'n geweldige stryd teen God en sy koninkryk gewikkel. Hulle sal nie 'n enkele geleenthied laat verbygaan om die kinders van God kwaad aan te doen, siek te maak, geestelik te laat struikel, en dood te maak nie.

As gevolg van hulle sondeval, en omdat hulle geen hoop op redding het nie, is Satan en sy demone wreed en genadeloos in hul aanvalle op die menslike geslag - veral die kinders van God. Sekere demone "spesialiseer" in sekere booshede, sondes en onreinhede. So kry ons byvoorbeeld leuengeeste: 1 Kon 22:21 "Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom: Waarmee?
1 Kon 22:22 En hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete. En Hy sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so.

Dan is daar ook waarsêende geeste: Hand 16:16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met **'n waarsêende gees** ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.

So ook verleidende geeste: 1Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

Soos by die engele is daar ook bewyse van 'n hiërargie onder die demone. Satan is die "hoofdemoon" of leier. Ons lees ook van

"owerhede, magte, **wêreldheersers"** in Efes 6:12 en in Dan 10:13-20 van "**vorste".** Daar is dan ook nog die gewone demone.

Die term *Satan* is van Hebreeuse oorsprong en beteken *Teëstander* – een wat jou aanval en aankla. *Duiwel* is van die Griekse woord *diabolos* afgelei. Dit beteken *lasteraar* en, by implikasie, die *teëstander* van God.

Okkultiese magte

Satan werk deur okkultiese, bonatuurlike magte. Hy koppel dit steeds nie regstreeks aan sy naam nie, sodat mense makliker mislei kan word om daarby betrokke te raak. Deur aktiwiteite soos towery, spiritisme, astrologie, meditasie, fortuinvertellery, psigiese kragte, astrale projeksie, selfgenesing, buitesintuiglike waarneming , waarsêery, mense wat oor warm kole loop, Oosterse meditasie, valse gelowe, selfs tekens en wonderwerke word Satan se misleidingskrag bemark en mense eksperimenteer geredelik daarmee.

In die Skrif word aktiwiteite soos hierdie ten strengste verbied.

Lev 19:31 Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God.

Lev 20:6 En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit.

Lev 20:27 En as daar in 'n man of vrou **'n gees van 'n afgestorwene** is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle.

Deu 18:10 Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,

Deu 18:11 of wat met besweringe omgaan, of wat '**n gees van 'n** afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.
Deu 18:12 Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die **HERE 'n gruwel; .....**

Die Hebreeuse woord ôb [obe] word verklaar met: *necromancer* = towenaar, geestesbesweerder. Die **"Septaugint"** verklaar dit meestal met **"buikspreker",** maar ook met **"towenaar".** Die **"Vulgaat"** lees magnus(towenaar), maar ook soms pythonicus spiritus en python (waarsêende gees).

2Kron 33:6 Ook het hy [koning Manasse] self sy seuns deur die vuur laat deurgaan in die dal van die seun van Hinnom en met goëlery en verklaring van voortekens en towery omgegaan en dode-besweerders [spiritiste]en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, om Hom te terg.

Hand 8:9 En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery [swart magie en wit magie] omgegaan en die bevolking van Samaría verbyster deur te sê dat hy iets besonders was.
Hand 8:10 En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God.
Hand 8:11 En hulle het hom aangehang, **omdat hy hulle 'n** geruime tyd deur sy towerye verbyster het.

Hieronder volg wyse raad aan nuwe bekeerlinge:

Hand 19:18 En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak;
Hand 19:19 en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was. [Dit is gelyk aan R256,000 .]

Maar ons koop deesdae vir ons kinders **"Harry Potter"** boeke. 'n **Voormalige "heks"** in Satanisme skryf die volgende: "It was

during that decade of the 1960's, in the year 1966, that a woman named J.K. Rowling was born. This is the woman who has captivated the world with the books known as the *"Harry Potter Series."*

"These books are orientational and instructional manuals of witchcraft woven into the format of entertainment. These books by J.K. Rowling teach witchcraft! I know this because I was once very much a part of that world. "

" Now an entire generation of youth has been given to a woman named J.K. Rowling and her books on witchcraft, known as the Harry Potter Series. As a former witch, I can speak with authority when I say that I have examined the works of Rowling and that the Harry Potter books are training manuals for the occult. Untold millions of young people are being taught to think, speak, dress and act like witches by filling their heads with the contents of these books. Children are obsessed with the Harry Potter books that they have left television and video games to read these witch-**craft manuals."**

Anton Szander LaVey [Voorblad]

LaVey is gebore as Howard Stanton Levey in Chicago, Illinois op 11 April 1930. Hy is die seun van Joodse ouers, en die leier en stigter van die Kerk van Satan asook die outeur van **"The Satanic Bible."**

Die Kerk van Satan is amptelik gestig op 6 Junie 1966. [6-6-66] in San Francisco. La Vey het in April 1966, sy kop kaal geskeer volgens die rituele van die antieke beul/laksman [persoon wat doodstraf voltrek], en verklaar: 1966 is die eerste jaar—Anno Satanatas—**"The first year of the Age of Satan."**

Ja, 1966 was 'n klassieke jaar vir die ou duiwel. Dit was dan ook die jaar waarin die "Beatle" - John Lennon die wêreld verseker het die Christendom is op pad uit: *"Christianity will go. It will vanish*

and shrink... I'm right and I will be proved right. We're ***more popular than Jesus now."***

Een van LaVey se gesegdes by rituele was:
"Man is God. We are men. We are gods. God is man."
[Vandag leer sommige sogenaamde Pinkster Predikers: "Ons is gode/ons is almal "little messiahs"!]

In 1990 het die Kerk van Satan betrokke geraak in die **"Heavy Metal" musiek besigheid.**

Anton La Vey sterf op 29 Oktober 1997 in San Fransisco aan emfiseem [vloeistof in die longe]. Die tyd en datum van sy dood was , om redes wat debatteerbaar is, verkeerdelik gelys as die oggend van "Halloween" [31 Oktober], op sy doodsertifikaat. 'n Geheime Sataniese begrafnis is gehou in Coloma. Sy liggaam is veras, en die as is gelykop verdeel onder sy erfgename, met die veronderstelling dat dit oor okkultieses krag beskik vir gebuik in Sataniese rituele.

Sy laaste woorde was: "Oh my, oh my God, what have I done!"

Okkultiese Tekens

Die eerste skets verteenwoordig die 'gehoringde' god van towery, Pan of Cernunnos. Die duim is onder die vingers en en die teken word gegee met die regterhand.

Die tweede skets is 'n teken van herkenning dié in die okkultiese wêreld. Die duim is bo-oor die vingers. Wanneer die hand in daardie posisie na iemand gewys ['point'] word, word dit bedoel om 'n vloek op die persoon te plaas. [Soos 'Spiderman' hier langsaan doen.]

Spiderman

Here's Amy Grant, on the Michael W. Smith, *In Concert* (Reunion Records, 1985) video tape flashing the "Satanic salute." Amy deliberately flashes the "Satanic salute" at least two separate times on the video, displaying it for several seconds. Amy is promoting Satan. There is a definite spirit invoked in rock music, secular or Christian - and it's NOT the Holy Spirit! And many times, people involved in rock music get "caught up in this unholy spirit"!

Jesse Duplantis

Pat Robertson

Benny Hinn

Rodney Howard Brown: glo in ‘n “dronk word in die gees: deur die “dronkmakende Jesus”. [Soos in slingerend dronk!!!]

Kenneth Copeland.

33° Vrymes-selaar.



Hier het ons die hekse- of maan-teken. Dit word gebruik om die opkomende maan te salueer. Hierdie teken word dikwels ook gebruik deur sport manne.

Spr 6:13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee;

Verdere tekens met betrekking tot okkultisme

Alsiende oog in die punt van die Piramide: 'n Vrymesselaars simbool van die alsiende oog van God.

Ankh: Egiptiese kruis. Hierdie teken simboliseer seksorgies. Sataniste sien dit as simbool van die seksdaad. Dit beteken NIE liefde nie.

Chaos: 'n Selfgemaakte vorm van okkultisme wat geleer word deur speletjies soos **"Warhammer"** te speel. "Chaos is die teenoorgestelde van orde. Aangesien alles verander, is daar geen reg of verkeerd nie, slegs die drang na plesier. Die 8-punt ster verteenwoordig die verskillende rigtings van chaos, en die baie paaie waarop jy dit kan volg. Ons aanbid demone en engele …" Aldus 'n WH speler

Passer en Winkelhaak: Hierdie Vrymesselaar simbool verteenwoordig beweging na perfeksie en balans tussen die geestelike en fisiese, wat weer verteenwoordigend is van Egiptiese en Oosterse mistisisme.

Die Keltiese Kruis: Verteenwoordig die "Neopagan" volgelinge van die Franse anti-Christelike filosoof, Alain de Benoist.

Dubbelkop-Arend: 'n Vrymesselaar seël en simbool van inisiasie. Die nr in die piramide bokant die arend se kop is 33. Die arend simboliseer die son, mag, outoriteit en oorwinning, die lug gode en die koning van 'n nasie.

Draak: Vir die Middeleeuse Eropese mense was dit Gevaarlik en boos. Mense in Oos Asië glo dit het krag om teen erger booshede te beskerm. In die Bybel verteenwoordig dit Satan, die duiwel. [Opb 12:9 13:4] Mense bring DRAAK tatoes op hul liggame aan. Lev 19:28 (b).. En geen ingeprikte tekening in julle VEL maak nie. / GOD verbied enige Tatoeëring.

Droomvanger: 'n Amerikaanse Indiaanse tower spinnerak binne in 'n "heilige" sirkel. Droomvangers word gemaak en bokant of naby kinders se bedjies gehang, want dit beskerm teen bose geeste en blokkeer glo alle slegte drome en laat net die mooi drome deur.

Bose Oog: Simbool van 'n vreeslike vloek—wat siekte, dood, ongeluk , verlies, ens bring. Deur die eeue het mense regoor die wêreld hierdie teken gevrees.

Oog van Horus: Dit verteenwoordig die oog van die Egiptiese son-god Horus, wie 'n oog verloor het in sy geveg met Set. Heidense nasiess gebruik dit as 'n amulet om die bose af te weer.

Fleur-de-lis: Ook die lelie van Frankryk genoem. Onder godin aanbidders het dit verskillende betekenisse gehad, insluitend die trippel-godin. Dit verskyn in verskillende lande op hul koninklike en militêre embleme.

Heksagram: of Ses-punt ster. Vir die Jode is dit die ster van Dawid. Die Heksagram word gesien as een van die kragtigste simbole in satanisme en die okkulte.

Die ewige agt: Dui op die geloof dat Lucifer vir ewig sal heers. 0pb 2o:1o.. die duiwel word in die hel gewerp.

Meermin: Gebasseer op antieke mites in verskeie dele van die wêreld. Deur sommige kulture gesien as see-godinne wat skatte bewaar. In Duitse legendes is hulle beskryf as vis-stert vroulike water geeste, dogter van 'Moeder Nag'.

Die gebroke kruis: Vir sataniste is dit 'n teken van bespotting van Jesus se kruisdood.

Die Pentagram: Die universele teken van satanisme. Dit word in swart-magie, sowel as wit-magie gebruik.

Die Pentagram: Vyfpunt ster waarvan die punt af wys en dus die bokkop simboliseer. Die belangrikste simbool in satanisme.

Die Feniks: ‘n Universele simbool van die son, mistieke weergeboorte, opstanding en onsterflikheid. Hierdie rooi “fire bird” is geglo, sterf in sy eie selfgemaakte vlamme [ongeveer elke 100 jaar] en staan dan weer op uit die as. ‘n Okkultiese alternatief vir die Christelike redding.

Spirale: Antieke simbool van die godin, die uterus, fertiliteit, vroulike ‘slang krag’, aanhoudende verandering, en die evolusie van die heelal.

Dubbele Spiraal: gekoppel aan aards-gesentreerde of mistieke geloof, in ‘n mengsel van evolusie en devolusie; verval/herstel; lewe/dood/herlewing; geestelik/fisies. Met sy focus op die eenheid van teenoorgesteldes, stem dit ooreen met die Yin/Yang.

Die Yin/Yang: Verteenwoordig die samesmelting van teenoorgesteldes—swart/wit; goed/sleg; manlik/vroulik; satan/God—in een geheel. Dit illustreer die visie van globale eenheid. Dit verteenwoordig monisme [alles is een] en panteïsme [alles is God] en opponeer die Christendom. [Hand 17:26 (b) Deut 32:8 (b) .. GOD het GRENSE vasgestel.]

Die Swastika of hakekruis: Voor Hitler was dit gebruik deur die “skull & bones” van Yale. Hitler het dit gebruik as die simbool van die neo-nazzis.

Die eenhoring [unicorn]:
Ontstaan in die 4de eeu voor Christus. [‘n Wilde dier met een spiraal horing, wat genesende krag besit. Dit kan selgs gevang word as ‘n maagd bereid is om met hom bevriend te raak. Vir die Nuwe Wêreld Orde beteken dit: mag; suiwering; genesing; wysheid; self-kennis; hernuwing en ewige lewe.

Die Wensbeen

Beskawings so ver terug as die 4de eeu, het kalkoen of hoender wensbeen kompetisies gehou. Die droë been was deur 2 persone aan weerskante getrek tot die been breek. Genoem die **"lucky break".** Die wenner se wens of droom sal dan waar word. In kontemporêre towery word die wensbeen beskou as die kanaal van 'goeie' energie.

Ring/Pendulum

Eseg 21:21 Want die koning van Babel gaan staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om van waarsêery gebruik te maak: hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bekyk die lewer.

Selfs die gewilde praktyk onder jong meisies of swanger mammas om bv. '**n ring aan 'n gare**-draadjie oor die pols te laat hang sodat dit kan **"aandui"** hoeveel kinders hulle gaan hê en van watter geslagte hulle gaan wees, **tel onder hierdie praktyke wat 'n gruwel in** die oë van ons God is – waarsêery!

Hos 4:12 My volk raadpleeg sy hout, en sy staf moet hom die inligting gee; want 'n gees van [geestelike]hoerery het hulle verlei, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.

Efes 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.

1Joh 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

Weggesteekte Simbole:

Vanuit Brittanje :

"I am a homeschooled tenth grader. I think other Christians need to know about the dangers in Satanic Symbols. I will get to the point. About a month ago I bought a Billabong Coat. It looked nice.

A couple weeks ago I was flipping through the Psalms. "Point out anything in my life that offends You," I silently prayed.

I was like I was lead into my closet where the coat hung. On the left sleeve there was a small one inch logo that had something that looked like a green flower. Then 3 things became popped out: A skeleton, a pentagon (or goathead), and a lightening bolt. I was kinda shocked.

Then I remembered inside the coat there was the same thing but enlarged, by where your heart would be if you put the jacket on. The image was turned upside down, so that it wouldn't be as obvious -- I guess.

I'm so grateful that God let me see this, but at the same time concerned for other believers who don't know that clothing brands hide stuff like that in their clothes.

Then I bought a pair of jeans. The same thing happened. Upside down inside the jeans on the tag-- (very hidden--) there was something that looked like a Chinese Buddah, a dancing demon or devil, and some kind of Satanic angel (they blended into the background on the tag.) It was hard to look at for very long.

I think Christians should be aware of this stuff; especially Billabong, and Tyte Jeans! DeLias, Hurley, and a lot of other teen clothing brands put satanic symbols on their clothing, its scary."

Christian Rock

Die Duitse hervormer en musikus, Martin Luther het gesê: " Wanneer iemand nie van Jesus wil praat of van hom wil sing nie, bewys dit dat hy nie in Christus glo nie, en dus nie gered is nie."

Sandi Patti

Sandi se album, *LeVoyage,* is so 'rock' georiënteerd dat 'n musiek tydskrif die volgende geskryf het.*: "Old-line Patti fans are either going to be seeking refunds in droves, or be so flabbergasted at seeing an entirely new side of her . . . ."* En natuurlik is die wonderlike naam van Jesus, uit 2000 woorde, nêrens te vinde nie. Mens sou dink 'n ware Christen sou die hele wêreld van Jesus wou vertel.

Rock ster David Bowie het gesê: *"Rock has always been THE DEVILS MUSIC."* (Rolling Stone, Feb. 12, 1976, p. 83)

Een van die stout meisies van sekulêre musiek, Lita Ford, het gesê: *"Listen, rock 'n roll AIN'T CHURCH. It's nasty business. You gotta be nasty too. If you're goody, goody, you can't sing or play it. . ."* (*Los Angeles Times*, August 7, 1988)

Selfs in die Time tydskrif van 11 Maart 1985, het 'n artikel oor kontemporêre Christelike musiek verskyn met die opskrif: "New Lyrics for the DEVIL'S MUSIC"

Carman

In Carman se Resurrection Rap video, beeld hy Jesus Christus uit as 'n verwarde straat hippie, terwyl die fariseërs en apostels swart straatbende lede is. Die kruisiging vind plaas, nie op Golgotha nie, maar in 'n bende geveg, in 'n stegie in 'n agterstraat. Die Here Jesus Christus word begrawe in 'n vuilgoed hoop. Carman se video's is deurweek van okkultiese voorstellings. Sataniese "tarot cards" vertel die Golgotha verhaal.

Eseg 22:26 Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.

2Kor 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

Johnny Cash

Johnny Cash het 'n album gemaak by die vervaardiger Rick Ruben waarop hy een lied sing wat deur die satanis *Glenn Danzig* geskryf is. [Rick Ruben se maatskappy vervaardig eintlik sekulêre en satanistiese musiek.] Die naam van die lied is "Thirteen" [Die nommer 13 is simbolies van sonde en die duiwel.] Lees wat Johnny omtrent hierdie album sê: "This is what I've always wanted to do, and I was able to do it with Rick. I think I'm more proud of it than anything I've ever done in my life. I don't think I ever worked so well with a producer in my entire career."
Deur Danzig se lied te sing, assosieer hy met mense wie se emblem soos volg lyk: "*The group Danzig's logo is a picture of a demon strangling the Lord Jesus Christ while blood is coming out of Jesus's bulging eyes!* "

Die wêreld weet daar is nie iets soos Christelike Rock Musiek nie, net soos daar nie so iets soos Christelik owerspel of Christelike homoseksualisme is nie.

Wanneer dit "Rock" is, het dit opgehou om Christelik te wees.
Daar is slegs een Christelik Rots/"Rock"—en dit is Jesus Christus.

1 Kor 10:4 ....., en die rots was Christus.

Satan het 'n opening gevind, en hy het Christelike musiek besmet.

Choreografiese danse: se wortels lê in die Kambodjaanse danse.

Die vroegste rekords van klassieke Kambodjaanse danse kan teruggevoer word tot by die sewende eeu. Die dans was uitgevoer as deel van hul begrafnis rituele wanneer die koning van die nasie oorlede is. Hierdie praktyk word vandag nog in Kambodja beoefen.

Tempels en ander godsdienstige optogte was die hoof platform waar klassieke Kambodjaanse danse floreer het. Die tempeldansers het 'n spesiale naam gehad en hulle was beskou as hooggeagte onthalers en boodskappers van die goddelike.

Hinduisme en Budhisme was die twee mees dominante godsdienste wat in Kambodja floreer het vanaf die vroegste eeue.

Die **devarāja kulte** het ontstaan uit beide die Hindu geloof en inheemse tradisies. Dit het geleer dat die koning 'n goddelike universele heerser was, 'n manifestasie van die Hindu god Siva.

Daar word oorsee dikwels seminare gehou om nuwe liturgiese danse te skep. **"Die doel van hierdie seminare is ook om 'n 'diepe waardering' vir die klassieke Kambodjaanse danse** te kweek, en om praktyke uit te wys wat nie in lyn is met dié wat deur ons voor-**vaders aan ons oorgelewer is,"** sê Soun Bunnarith, hoof van die Battambang apostoliese prefektuurs kulturele kantoor.

Messiaanse danse:

Messiaanse danse is sirkelvormige aanbiddings en lofprysings danse, 'n kombinasie tussen choreografiese en Israeli volksdanse, asook Midde Oosterse volksdanse op die wysie van kontemprorêre Christelike musiek.

As Pinkstermense is ons vanaf ons kinderdae daaraan gewoond om mense in die kerk te sien wat in die Gees dans. Ons is egter oortuig dat Choreografiese danse [beplan en ge-oefen] definitief nie in dieselfde klas val as die dans wat ons beleef het wanneer God se Heilige Gees oorneem nie.

2Sam 6:14 Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van die HERE; en Dawid was omgord met 'n linneskouerkleed.
2Sam 6:21 Maar Dawid sê vir Migal: Voor die aangesig van die HERE wat my verkies het bo jou vader en bo sy hele huis, deur my as vors aan te stel oor die volk van die HERE, oor Israel—ja, voor die aangesig van die HERE sal ek vrolik wees!

Dawid het in spontane aanbidding voor die Here gedans, dit was nie vooraf beplan en ge-oefen nie. Hy het reageer op die teenwoordigheid van die Here. Hy het VIR die Here gedans, nie VIR die mense nie. Die mense het hom wel gesien, maar dit was nie sy doel en begeerte om 'n vertoning te lewer nie. Sy dans was, volgens die Skrif, vinnig en hewig— "met alle mag". Dawid se dans was 'n toejuiging van die grootheid en genade van God. Gewoonlik het slawe en diensknegte voor die koning gedans, maar Dawid het nie omgegee om homself te 'verneder' en soos 'n dienskneg voor God te dans nie. Dawid het God aanbid in gees en waarheid, hy het nie 'n dans instrukteur nodig gehad om voor God te kan dans nie. [Geestesdans]

'n Advertensie vir Christelike danslesse:

"The best Christian Dance classes in Atlanta. We offer Christian Mime, Holy Hip Hop [????], Praise Dance/ Liturgical, and much more, dance lessons, choreographers, **..."**

Wanneer ons sien dat choreografiese danse sy ontstaan het in afgodsaanbidding, kan ons waarlik aanvaar dat dit in die huis van God, tot eer van God, gebruik word?

1Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige

van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

Heilige Water

Die gebruik van heilige water in Anglikanisme is sterk verbind aan die Roomskatolieke gebruik daarvan.
Heilige water word gebruik vir die bespringkelings 'doop' en vir die priester om voorwerpe mee te seen.
Hulle glo ook dat dit jou reinig van 'verskoonbare sondes' en dat dit jou beskerm teen die bose. Daar word ook geglo dat sommige heilige water oor bonatuurlike krag beskik, bv. om mense te genees.

Om te baai in heilige water is 'n hoof element in Hinduisme. Hulle beskou dan ook die Ganges rivier as heilig.

Alhoewel die term 'heilige water' nie gebruik word nie, maak die Buddhiste gebruik van 'geseende water.'

Valse Profeet - T B Joshua !!!

T B Joshua sê dat hy sy gawe by geboorte ontvang het.

1Kor 12:11 Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.
Dit gebeur eers na die wedergeboorte, en nie met geboorte nie.

In 'n video van die Synagogue of all Nations word die dwaling van transsubstansiasie in 'n **"Bloed van Jesus"** diens gewys. Die 'profeet' het 'n groot tenk water geseën terwyl hy elkeen van die twaalf krane aanraak en die water tot "die bloed van Jesus" verklaar. Lede van die gemeente het die tenk bestorm om van die bloed van Jesus te drink, dit op hulle te spat of selfs daarin te stort. Hierdeur word die Bybelse leerstelling van die plaasvervangende dood van Jesus in 'n sensuele, bygelowige ritueel verander. Die bloed van Jesus is as 'n offer vir die Vader gestort, en

nie as 'n magiese middel waarin mense kan bad en dit op hulle kan spat en drink nie.

Daar is ook hoogs onwaardige en vernederende aspekte van Joshua se genesings. Op een van die videos moes mans met rektale kanker hulle broeke voor die mense uittrek sodat almal kan sien hoe hulle vóór en ná die genesing lyk. Vroue met borskanker moes hulle ook ontbloot terwyl die genesing aan die gang was. Ander mense word getoon wat hulle probleme op die vloer in die sinagoge uitbraak. Sommige braak bloed, ander klippe, skulpe, groot wurms of insekte. [1 Joh 4:1 - Glo nie elke gees nie.]

Die profeet het glo ook die mag om vuur uit die hemel te laat neerdaal, en dan brand dit mense op dié liggaamsdele waarmee hulle sondig.

Open 13:13 Hy [valse profeet] doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

Ons is bewus van ten minste een Pinkster kerk in Suid-Afrika **wat gebruik maak van 'heilige water'.**

Norman Vincent Peale

Die groot leermeester van die krag van positiewe denke, en miljoene mense reg oor die wêreld volg nog steeds sy kursusse. In 1986 het hy `n nuwe begrip bekend gestel; "Die Positiewe Krag van Jesus Christus", en daarmee saam "visualisering, die skeppende ondersteunende bronne binne jou". Hy het veral "mind power" aangemoedig deur in te tap in die krag van die onderbewussyn Peale het`n mate van teenstand gekry van onderskeidende gelowiges wat gesien het dat hy met die okkulte knoei. Ten spyte hiervan, is hy deur die goed bekende New Ager en leermeester van die "Kingdom Now Theology" (Dominion Theology) Earle Paulke verdedig. Een van hierdie predikers het gesê: "God het mense soos Peale, Robert Schuller en Paul Yongi Cho geroep om die Kerk die begrip van geloofsbeginsels te leer." Tog manifisteer die ware

vrug van Peale se bediening vandag al meer, en vestig die aandag op sy okkultiese wortels.

Paul Yongi Cho

Paul Yongi Cho val binne dieselfde kategorie. Hierdie man het in 1993 in Pinkster en Charismatiese kerke regoor S.A. gepreek, met HUL HARTLIKE UITNODIGING.

Napoleon Hill

Meeste van die basiese idees en tegnieke van die "self-improvement" kursusse wat vandag feitlik die samelewing deurtrek het en ook tot 'n groot mate, die Kerk, kan teruggevoer word na een man, nl. Napoleon Hill. Hill is een van die stigters van die "New Age". Hy verklaar self, dat hy die "mind power" tegnieke, wat in sy boeke gepropageer word, by onliggaamlike geeste geleer het. Hierdie is natuurlik niks anders as demone, wat die indruk wil skep dat hulle verhewe Meesters is. Hulle het Hill gebruik om miljoene mense te mislei, deur sogenaamde sukses tegnieke, wat hulle aan hom geopenbaar het. 'n Wanbegrip dat die menslike verstand ingebore krag het, wat 'n persoon in staat stel om sy eie realiteite te skep. Hy sê: "glo werklik en innig dat jy groot rykdom sal hê en jy sal dit hê." Een van sy boeke is getiteld "Think and grow rich" en was 'n voorgeskrewe boek in 'n Charismatiese Bybelskool.

Mark Virkler

Mark Virkler gee lering in kerke regoor die wêreld, sowel as Suid-Afrika. Sy seminare word genoem "Communion with God" en "Counselled by God" geborg deur die IFCC.

Virkler se lering kom baie ooreen met dié van Cho en hulle beklemtoon ook grootliks die verbeelding, visioene en drome. Hulle gee te kenne dat die mens God moet bystaan om hierdie "gawes" te ontwikkel, en terwyl dit gedoen word moet Oosterse meditasie-asemhalingsoefeninge gedoen word. Hou in gedagte dat die oorspronklike

woord vir asem en gees in die Bybel dieselfde is en daarom kan mens volgens hierdie leerstelling die **"Heilige Gees inasem en jou sondes uitasem."** Hierdie is Virkler se teorie en omdat hy weet dat sy lering Oosterse elemente bevat, vra hy die volgende vraag: "Was Jesus nie ook 'n Oosterling nie?" Wat insinueer dat Jesus Oosterse godsdienstige praktyke kon aanvaar het.

Jesus ons Messias was egter gebore as 'n Jood, 'n Hebreër en die Israeliete is nie Oosterlinge nie.

Die proses van 'n denkbeeldige Jesus te visualiseer, na wie iemand "aandagtig kyk" totdat "die Heilige Gees oorneem" en dan praat en beweeg Jesus, is seker veronderstel om van iemand 'n siener te maak, soos Johannes op die eiland Patmos of Esegiël die profeet. Verder word dit voorgestel dat deur die gebruik van sulke "visioen voorstellings" aangaande dinge waarvoor gebid is [in werklikheid visualiseer] is mens by magte om deur die menslike gees te "broei" en genesings asook "beantwoorde gebede voort te bring"; alles skeppings van die menslike gees.

Jesus het ses keer in Joh 14, 15 en 16 gesê: **"En wat julle ook al** in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in **die Seun verheerlik kan word."** Hy wou ons behoefte om elke dag ten volle en geheel en al van Sy Vader afhanklik te wees vir alles en in alles, by ons inprent.

Jak 3:1 Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.

Amos 4:12 (b) ..... -maak jou klaar om jou God te ontmoet,..

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Web tuiste: ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.